# Geopende *Deure* NUUSBRIEF

STAAN AS EEN VIR CHRISTEN-JEUG IN AFRIKA



UITGAWE 3

Afrika se jeug lewendig met moontlikhede, bl. 2-4 • Hoe om vir die jeug in Afrika te bid, bl. 5
Wat jy oor *Arise Africa* moet weet, bl. 6 • Raak betrokke, bl. 7

# Afrika se jeug lewendig met moontlikhede

**Het jy geweet dat die Kerk in sub-Sahara Afrika hoofsaaklik uit jongmense onder die ouderdom van 25 bestaan, met amper 200 miljoen jeugdiges wat dit die Kerk met die meeste jongmense wêreldwyd maak?**

Dié jongmense kan ŉ dryfkrag wees vir die Evangelie, nuwighede implementeer en maatskaplike sorg aan bejaardes verskaf.

Ongelukkig is jongmense in dié streek veral kwesbaar weens uitdagende ekonomiese en sosiale faktore. Hul sosio-ekonomiese stryd, tesame met terroriste-organisasies se politieke doelwitte, kan as aansporing dien om by een van talle sulke organisasies aan te sluit.

Afrika se toenemende vervolging het die grootste impak op sy jong bevolking. Hulle voortgesette teenwoordigheid op die vasteland en in die Kerk word bedreig soos nog nooit tevore nie.

Die afsny van hul sosiale netwerke, afwesigheid van ŉ Christen-ouer en grootskaalse seksuele geweld, soos gedeel deur die getuienisse van Ruth (22), Traore* (17) en Munah* (20), is van die struikelblokke wat hulle beleef…

*Name verander vir sekuriteitsredes.



ETHIOPIË



Ruth (22)

## Hoopvol ten spyte van verwerping

Dit is maklik om in jou geestesoog vir **Ruth** op ŉ universiteitskampus te sien, waar sy tussen klasse saam met vriende ontspan. Toe sy op 14 ŉ Christen geword het, moes sy ongelukkig vinnig grootword en haar verwagtinge oor tersiêre opleiding laat vaar.

Toe haar familie van haar nuutgevonde geloof hoor, het hulle haar verstoot en vriende het haar vermy. ***"Isolasie maak seer. Dit is moeilik om te verstaan waarom my familie, wat my vroeër liefgehad het, my nou skielik haat. Dit alles lei tot ondraaglike emosies,"*** deel Ruth.

Tog bly Ruth hoopvol, ten spyte daarvan dat haar lewe nie verloop het soos sy dit wou gehad het nie.

***"Ek loof God, al is die lewe nou moeilik en kan ek nie leef soos wat ek gehoop het en saam met my maats aangaan. Ek is steeds hier en glo môre sal beter wees."***

Danksy jou ondersteuning bedryf Ruth nou haar eie klein haarsalon nadat sy ŉ kort kursus in haarkappery gevolg het.

BURKINA FASO



Traore (17)

## Vervolging versterk sendingdrome

Nadat ekstremiste in 2019 **Traore** se pa in Burkina Faso vermoor het, moes hy vinnig grootword. Hy onthou die visvang, sokker en ander lekker dinge wat hulle saam geniet het. Só vertel Traore: ***"Ons kan nie meer hierdie dinge deel nie. As jy nie ŉ pa het nie, is daar sekere goed wat jy nie meer kan doen nie."***

Ekstremistiese groepe teiken mans, en veral Christen-mans soos Traore se pa. Met hulle uit die pad, word ŉ gesin kwesbaar gelaat.

Traore se verlies kon hom op ŉ verwoestende pad geplaas het, maar hy is nie soos die meeste ander tieners nie. Ondanks sy hartseer, wil Traore ŉ krag vir die Evangelie in sy land wees.

***"Dit is só dat opvoeding voordelig is en werk en geld kan verskaf, maar ek fokus nie daarop nie. Nee, ek stel belang daarin om om ŉ sendeling te word. Ek wil dit na aanleiding van ons huidige situasie doen."***

OOS-AFRIKA



Munah (20)

## Gebreekte skerwe weerspieël Christus se grootheid

Die keuse van **Munah** se gesin om die weë van hul Moslem-stam te laat vaar, het met ŉ groot prys gepaardgegaan. Hulle is deur hul stam verstoot en op ŉ dag het die mees ondenkbare gebeur.

***"Ons ouers het ŉ Christelike byeenkoms bygewoon. ŉ Oom het opgedaag. Dit was amper 19:00. Ek het op die bed gelê. Hy het my verkrag. Omdat hy ŉ grootmens was, kon ek myself nie verdedig nie,"*** deel Munah.

Munah was ná die aanranding ŉ maand lank in die hospitaal. Twee jaar ná die aanval is haar verkragter in die tronk dood terwyl sy traumasorg ontvang het.

***"Ek het gewonder waarom ek bly leef, maar ná die traumasorg is ek genees. Ek dank God dat ek geleidelik herstel het.***

***"Ek het begin om as ŉ versorger bystand te lewer aan diegene wat soortgelyke uitdagings beleef. Dit is my wens om aan te hou om mense met dieselfde trauma te help sodat hulle nie dieselfde pad hoef te loop nie."***

Ons dank God dat dié jongmense die angs en verlies van vervolging kon oorkom, en danksy jul gebede en ondersteuning ŉ lig vir die Evangelie kon wees. Ongelukkig is dit nie op alle jongmense van toepassing nie. Talle meer benodig ons hulp.

Geopende Deure wil verseker dat jongmense in Afrika BLY – teenwoordig, veerkragtig en relevant – ondanks uitdagings. Ons wil verseker dat hulle toegerus is om produktief en veerkragtig te wees in die aangesig van stygende vervolging. So kan hulle aktief deelneem om die Evangelie in hul omgewing uit te leef.

Jy kan saam met ons jong familie teen gewelddadige vervolging opstaan sodat hulle vertroue en ŉ toekoms op ons vasteland kan omarm. Besoek **www.opendoors.org.za/staanopafrika** om uit te vind hoe.

# HOE OM VIR DIE JEUG IN AFRIKA TE BID

Vanweë die groot persentasie jeugdiges in Afrika, word hulle ook die meeste deur toenemende vervolging geraak.

Só kan jy bid vir die volgende geslag van die Kerk in sub-Sahara Afrika.



## BID ASSEBLIEF

» Jongmense wat tot bekering kom, staar dikwels uiterste isolasie in die gesig. Bid dat die Here hulle sal herinner dat hulle nie vergete is nie en dat Hy sal aanhou om aan hulle te voorsien.

» Op sommige plekke in Afrika word jeugdiges ervaar as voorwerpe wat maklik uitgebuit kan word. Bid vir dringende optrede om jongmense ŉ stem te gee en hul energie na iets goeds en heilsaam te lei.

» Vervolgers straf jongmense dikwels weens hul ouers se geloof en hulle word dan blootgestel aan seksuele aanranding en afknouery by die skool. Bid dat alle planne om kerkgroei te beëindig deur jongmense te vervolg, sal doodloop.

**"LAAT NIEMAND OP JOU NEERSIEN OMDAT JY JONK IS NIE, MAAR WEES 'N VOORBEELD VIR DIE GELOWIGES IN WOORD, IN GEDRAG, IN LIEFDE, IN BETROUBAARHEID, IN REINHEID."**

1 TIMOTEUS 4:12

opendoors.org.za/staanopafrika

# ARISE AFRICA

## WAT JY MOET WEET

Die Kerk in sub-Sahara Afrika se toekoms is in gevaar – tensy ons stappe neem…

### Wat gebeur met Christene in sub-Sahara Afrika?

Geweld word daagliks op die spits gedryf. Jihadistiese groepe soos Boko Haram, die Islamitiese Staat en Al-Sjabaab is aktief te midde van chaos en struikrowery in lande soos Nigerië, Burkina Faso, Somalië en Mali.

### Wat is die impak van dié gewelddadige vervolging?

Mense se geloof kan weens vervolging en trauma wankel. Hulle kan van Jesus af wegdraai of radikaal word. Die Kerk word ontwortel namate mense verplaas word en hul lewensbestaan tot niet gaan.

### Maar floreer die Christendom dan nie in Afrika nie?

Dit is só dat meer Christene hulle in Afrika bevind as op enige ander plek in die wêreld. Dit is ŉ jong, groeiende Kerk, maar sommige broers en susters staar ŉ ongekende aanslag in die gesig.

### Wat behels Arise Africa?

Dit is ŉ uitnodiging aan jou om teen gewelddadige vervolging op te staan. Oor vier jaar, as deel van ons wêreldwye veldtog, beoog ons om vier miljoen Christene in sub-Sahara Afrika te bereik en te ondersteun.



**Saam sal ons sien:**

- Vervolgde Christene word geestelik, fisies en emosioneel ondersteun.
- Die globale Kerk ontwaak, volhard in gebed, bied ondersteuning en praat reguit en luidkeels.
- Verandering op die grond om ekstremistiese ideologieë en uiteenlopende geweld teen te werk.

**Sal jy opstaan teen gewelddadige vervolging in sub-Sahara Afrika?**



# Wil jy meer doen vir jou vervolgde familie?

## Maak só!

### Hou op Vrouedag 'n tee vir jou vervolgde susters

Sluit aan by vroue regoor die land vir ons jaarlikse Tea4Them-geleentheid op 9 Augustus en regdeur Augustus.

**Dit is so maklik soos 1, 2, 3:**

1. Besoek ons webtuiste om te registreer om ŉ Tea4Them vir ons vervolgde susters te hou. Hier sal jy alles kry wat jy nodig het.
2. Nooi jou familie, vriende en gemeenskap om deel te wees van jou aanbieding.
3. Kom bymekaar vir ŉ tyd van samesyn en gebed vir jul gelowige vervolgde susters.

Besoek **www.opendoors.org.za/event/tea4them** vir meer inligting en om aan te meld.

### Wees 'n stem vir ons familie in Afrika

Sluit aan by ons terwyl ons ŉ meerjarige veldtog bekendstel om ons familie met gebede, bystand en bewusmaking te ondersteun.

Word ŉ veldtog-ambassadeur by jou kerk vir ons familie in sub-Sahara Afrika en wees ŉ stem vir jou familie in dié streek.

Meer inligting is beskikbaar by **www.opendoors.org.za/staanopafrika.**

### Reis saam en ontmoet jou vervolgde familie

Reis saam met ons om jou vervolgde familie te versterk en vir hulle te bid.

- Noordoos-Afrika van 3-10 September
- Mexiko van 17-27 September

**Aansoeke sluit op 31 Julie 2023.**

Meer inligting: **travel@opendoors.org.za**.

# VANUIT DIE HART

Liewe vennote en vriende

Daar word dikwels gesê dat kinders en jongmense die Kerk van die toekoms uitmaak. Dit is waar in die sin dat hulle sy leiers en besluitnemers in die jare vorentoe sal wees, maar ek word uitgedaag deur die werklikheid dat ons kinders en jeug ook die Kerk van vandag is.

Op ons vasteland maak die jeug tussen 15 en 24 jaar 20% van sub-Sahara Afrika se totale bevolking uit. Dit is byna 200 miljoen jongmense. Hulle is die mees omvattende generasie wat nóg in die streek grootgemaak en maak die meerderheid uit van die Kerk.

Dit is altyd bemoedigend om te verneem van 'n kind of jongmens wat slim keuses maak, moedig leef en teen die gety opstaan, soos Ruth, Traore en Munah (sien bladsye 2-4).

Wanneer jy daaraan dink, wonder jy dalk: ***Hoe is dit moontlik te midde van vervolging? Hoe gee ouers, gesinne, opvoeders en mentors hoop aan die volgende geslag en word hulle gehelp om vervolging te weerstaan?*** As sout en lig in die gemeenskap, fasiliteer die plaaslike Kerk dikwels die toerusting en opbou van jong Christene om veerkragtig te wees in die aangesig van vervolging.

Jongmense moet weet dat hulle na God se beeld geskape is en vandag en in die toekoms waarde sal hê. Dié beginsel moet op 'n vroeë ouderdom oorgedra word, aangesien die Barna Group-navorsing toon dat 'n mens se wêreldbeskouing reeds teen 13-jarige ouderdom gevorm is. Dit is noodsaaklik om die plaaslike Kerk te ondersteun om kinders en jongmense onontbeerlik vir die Kerk te maak sodat hulle in sy groei geïnkorporeer kan word.

Dankie vir jou vennootskap met Geopende Deure om dit te laat gebeur.

Vrede

Lynette



**Lynette Leibach**
Uitvoerende direkteur, Geopende Deure Suider-Afrika


Geopende Deure

I www.opendoors.org.za
T +27 11 888 9341
F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org
064 867 4730
Posbus 1771, Cresta, 2118


**Bankrekenings: Suid-Afrika**
Geopende Deure – Open Doors NPC,
Capitec Business
Lopende Rekening (450105),
Rekeningnr. 1051 1501 32

Geopende Deure – Open Doors NPC,
Nedbank Besigheids-rekening (198765),
Rekeningnr. 113 750 4552

**Bankrekening: Namibië**
Geopende Deure – Open Doors NPC,
Nedbank Windhoek (461609),
Rekeningnr. 12000238471

(Faks asb. die bewys van betaling na +27 11 888 9362 of epos na southafrica@od.org)


Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika. Inligting korrek teen druktyd. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak ons by southafrica@od.org.



Drukwerk deur Resolution Litho

REG # 2004/023397/08


Vervolg Maar nooit alleen.